Fokus Teks: Handelinge 1: 8 (2022); Johannes 1: 29-34 (2022); Eksodus 18: 1-27 (1983).
Liedere: Gesang 542: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 544: 1-3; Gesang 308: 1-5; Gesang 344: 1-3.

AANKONDIGINGS:

KLOK: Raak bewus van God se teenwoordigheid

WYDINGSLIED:

Soms gebeur dit dat ‘n mens die dag begin met bekommernis in die hart. Jy het hierdie sorge en daardie probleme, baie dinge wat op jou lewe druk. Onthou: ‘n Mens wat God gevind het tel heel eerste sy seëninge en nie sy sorge nie.

Daarom begin ons vanmore met ‘n loflied. Jesus, ons loof U! Jesus, ons prys U! Gesang 542: 1-2. Kom ons sing dit vanmore staande. Neem U ons harte en maak dit rein dat ons, gelowig, U dien met liefde -

VOTUM:

Ons sal krag ontvang wanneer die Gees oor ons uitgestort word. Dan sal ons getuies wees in Jerusalem.

En in die provinsies van Judea en Samaria. En tot aan die verste uithoeke van die aarde ~ vgl. Handelinge 1: 8 (2022).

SEËN:

Genade en vrede vir ons van God ons Vader, van Jesus Christus die Here en van die Heilige Gees. Amen.

SANG:

Kom ons vra die Here kinderlik om ons hele lewe in sy hande te neem, om ons te lei en ons sterk te maak vir die pad vorentoe. Sing saam met my Gesang 543: 1-3.

BELYDENIS:

Die Evangelie van Johannes is geskryf aan mense in ‘n krisis: Behalwe dat hulle as ketters uit die sinagoges geban is, is die Geliefde Dissipel (die apostel Johannes) in daardie tyd dood. Hoe sou hulle ooit sonder hom, die

verhouding met Jesus kon laat groei? Die antwoord lê daarin dat hulle regtig moes weet wie Jesus was.

Die inhoud van Johannes se getuienis is dat Jesus, die Seun, die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem.

Jesus is beslis nie ‘n aardse leier nie. Jesus se leierskap het anders gelyk. Hy was ‘n Dienskneg van God wat soos ‘n skaap ter slagting gely is.

Wie is Jesus vir jou?

Lees nou saam met my uit Johannes 1: 29-34:

[29]Die dag daarna sien Johannes (Die Doper) Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: *Kyk mooi, Hy is die Lam van God wat die sonde van die mense van die wêreld wegvat.*
[30]Dit is van Hom wat ek gesê het: *Hy wat ná my kom, is baie belangriker as ek, want Hy was voor my reeds daar.*

31Ek het ook nie geweet wie Hy is nie. Ek het egter gekom om met water te doop, sodat Israel só kon sien wie Hy is.
32Johannes het verder gegaan en vertel hoe hy die Gees op Hom sien kom en hoe die Gees by Hom gebly het. 33Ek het eers nie geweet wie Hy is nie. Hy wat my egter gestuur het om met water te doop het vir my gesê: *Die persoon op wie jy die Gees sien kom en by Hom bly, Hy is die Een wat met die Heilige Gees doop.* 34Ek het dit alles self beleef en kan met sekerheid sê dat Hy die Seun van God is.

SANG:

Kom ons sit ons belydenis kinderlik voort met die sing van Gesang 544: 1-3. Dis die Heer wat alle lewe veilig in sy hande hou. Hy laat leef ons bly en dankbaar – Hy versorg vir my en jou.

INLEIDING TOT DIE PREEK:

Hierdie week het my gedagtes oor vandag se erediens baie rond gespring. Verskillende tema het in my gedagtes

opgekom: Wat beteken God se genade? Hoe lyk wederliefde? Wat is hoop? Maar aan die einde van die week het Leierskap as tema op my hart kom lê. Miskien omdat ek Woensdag daaroor moes praat by die opleiding van Brugpredikante.

Kom ons wonder vandag ‘n bietjie saam oor Kerngesonde Leierskap? Carey Neuhoff het in een van sy boeke geskryf: “Healthy Leaders create healthy churches”.

Die Kerk leef in een van haar moeilikste tye ooit. Dit is nou wat “Healthy Leadership” in die Kerk dringend nodig is. Hier praat ons nie net van die leierskap van die predikant nie, maar van almal in die gemeente. Siya Kolisi het gesê elke lid van die suksesvolle Wêreldbeker-Springbokke is ‘n leier in eie reg.

Ons is te dikwels bang om hieroor te praat, want net dalk sal ek ook iets moet doen of gee. Elkeen van ons behoort

‘n leier, ‘n Kerngesonde Leier, in hierdie gemeente van God te wees.

Gemeentes bestaan uit huisgesinne en miskien ontbreek Kerngesonde Leierskap ook in ons gesinne. Ons sou dus ook kon opmerk: “Healthy Leaders create healthy families.” Hoe gesond is die leierskap in ons families?

Natuurlik gaan die wêreld wat ons vandag ken ook ten gronde weens ‘n gebrek aan Kerngesonde Leierskap.

Om ‘n Kerngesonde Leier te wees moet jy op elke vlak van mense wees gesond wees, Byvoorbeeld op spirituele vlak, op relasionele vlak, op psigiese vlak en ook op fisiese vlak. Ek dink in die kerk en vanuit die Bybel behoort ons meer met mekaar te gesels oor spirituele gesondheid (Hoe lyk my verhouding met God?) en ook oor relasionele gesondheid (Hoe lyk my verhouding met myself en met ander mense?).

Met hierdie in gedagte wil ek ons terugvat na die Bybel, na die Ou Testament, na die boek Eksodus (wat uittog beteken) en wel na die agtiende hoofstuk.

SKRIFLESING: Eksodus 18: 1-27

[1]Jetro, priester van Midian en skoonpa van Moses, het gehoor wat die Here God alles vir sy volk Israel en vir Moses gedoen het toe die Here die Israeliete uit Egipte bevry het. [2]Toe Moses sy vrou Sippora destyds teruggestuur het, het sy skoonpa Jetro haar [3]en haar twee seuns in sy huis geneem. Die naam van die een seun was Gersom, “want,” het Moses gesê, “ek woon as vreemdeling in 'n vreemde land.” [4]Die naam van die ander was Eliëser, “want,” het Moses gesê, “die God van my voorvaders het my gehelp: Hy het my gered toe die farao my wou doodmaak.”

[5]Jetro, Moses se skoonpa, het met Moses se seuns en sy vrou na hom toe gegaan waar hy in die woestyn by die berg van God kamp opgeslaan het. [6]Jetro het toe vir Moses laat weet: “Ek is jou skoonpa Jetro. Ek kom na jou toe met jou vrou en jou twee seuns.”

7 Moses het toe sy skoonpa gaan ontmoet en voor hom gebuig en hom met 'n soen gegroet. Nadat hulle vir mekaar gevra het hoe dit gaan, het hulle in Moses se tent ingegaan. 8 Daar het Moses vir sy skoonpa alles vertel wat die Here aan die farao en aan Egipte gedoen het ter wille van Israel, en ook van al die ontberings wat die Israeliete op pad gehad het en hoe die Here hulle bevry het. 9 Jetro was bly om te hoor van al die goeie dinge wat die Here vir Israel gedoen het toe Hy hulle uit Egipte se mag bevry het.

10-11 Toe het Jetro gesê: “Aan die Here kom die lof toe! Dit is Hy wat julle bevry het uit die mag van Egipte en die farao. Nou besef ek dat die Here groter is as enige ander god, want toe die Egiptenaars vermetel teen die volk van die Here opgetree het, het Hy hulle uit Egipte se mag bevry.”

12 Jetro, Moses se skoonpa, het brandoffers en ander diereoffers vir God gebring, en daarna het Aäron en al die Israelitiese leiers gekom om saam met Moses se skoonpa aan die offermaaltyd deel te neem.

13 Toe Moses die volgende dag gaan sit om hofsake te
verhoor, het daar van die oggend af tot die aand toe
mense vir hom gestaan en wag. 14 Maar toe sy skoonpa
sien wat Moses alles vir die volk doen, het hy gesê:
“Waarom doen jy die volk dit aan? Waarom tree net jý op
as regter, en al die mense moet van die môre af tot die
aand toe vir jou staan en wag?”

15 Moses het sy skoonpa geantwoord: “Die volk kom na
my toe om na die wil van God te vra. 16 As hulle in sake
betrokke raak, kom hulle na my toe. Ek lewer dan
uitspraak oor die geskille tussen hulle en maak
terselfdertyd God se voorskrifte en wette aan hulle
bekend.”

17 Maar Moses se skoonpa sê vir hom: “Jy maak nie reg
nie. 18 Jy en al hierdie mense by jou sal totaal uitgeput
raak. Die werk is te veel vir jou. Jy kan dit nie alleen
behartig nie. 19 Luister nou na my raad en mag God jou
bystaan! Jy moet die volk se verteenwoordiger by God
wees en alle sake voor Hom bring. 20 Druk die volk die
voorskrifte en wette op die hart, leer hulle die pad wat
hulle moet loop en wat hulle moet doen. 21 Verder moet jy

onder die volk bekwame manne uitsoek, dienaars van die Here, mense wat die waarheid liefhet en nie hulle eie voordeel soek nie. Dan moet jy hulle oor die volk aanstel as leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien. [22]Hulle moet deurentyd vir die volk hofsittings hou. Die belangrike sake moet na jóú verwys word, en die geringes moet húlle oplos. Dit sal vir jou makliker wees as hulle die verantwoordelikheid saam met jou dra. [23]As God jou beveel om dit so te doen, sal jy met die werk kan aanhou, en al hierdie mense sal dan tevrede huis toe gaan."

[24]Moses het na sy skoonpa geluister en gedoen wat hy gesê het. [25]Moses het bekwame manne uit Israel gekies en hulle aangestel as hoofde oor die volk: leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien. [26]Hulle het deurentyd hofsittings gehou. Die belangrike sake is na Moses verwys, en die geringes is deur die leiers verhoor.

[27]Moses het toe afskeid geneem van sy skoonpa, en sy skoonpa is terug na sy eie land toe.

PREEK:

Wat ‘n aangrypende teks, met net te veel inhoud om vandag klaar oor te praat. Lees hierdie teks weer by die huis en praat met mekaar daaroor, leer by wat elkeen in die gesin hoor.

Moses werk hard, bitter hard. So hard dat daar nie tyd is vir sy vrou en kinders nie. Ons hoor dadelik dat hier ‘n relasionele (verhoudings) uitdaging in Moses se leierskap is. Moses moet eers weer leer dat Kerngesonde Leierskap beteken ek het ‘n gesonde verhouding met die mense rondom my en veral ook die mense naaste aan my.

Jetro, Moses se skoonpa, besluit hieraan moet iets gedoen word en hy vat vir Sippora en die kinders na Moses toe ~ daar waar hy so hard vir God werk. Ons lees nie dat Moses eerste aan hulle aandag gee nie, nee hy gaan wys vir Jetro wat hulle alles al met die krag van God reggekry het. Jetro is beïndruk en hulle bring dankoffers aan God.

Tog laat Jetro hom nie van stryk bring nie. Hy stop al Moses se entoesiastiese gespog oor al die harde werk in die oomblik ~ Jy maak nie reg nie! ... ekskuus ... Ja, Moses jy maak nie reg nie! Maar hoe bedoel skoonpa dan nou? Kyk hoe hard werk ek, van vroegdag tot laat nag.

Moses, hoor ‘n bietjie wat pa vir jou sê: jy moet tyd maak vir jou gesin. ‘n Kerngesonde leier van ‘n huisgesin, maak tyd vir sy gesin. Dit is wat God wil hê. Dit is nie tot voordeel van jou huisgesin om dag en nag te werk en nooit tyd saam met hulle te hê nie. Wanneer laas en hoeveel tyd het jy vir jou huisgesin?

Maar hoe pa? Vra Moses ~ daar is soveel werk! Verdeel die werk onder mekaar. ‘n Kerngesonde Leier werk nie alleen nie, maar altyd is ‘n span saam met ander mense. Ook in die kerk.

Ek droom ook oor die toekoms van gemeente Zuurfontein. Soms wonder ek hoe en waar kan ek harder werk in die gemeente en dan kom die Bybel met Eksodus 18 in my lewe ingestorm.

Ons is almal deel van die Zuurfontein Span. Ons is almal leiers van die gemeente Zuurfontein. Ons moet almal streef na kerngesonde leierskap. Ons moet almal werk aan ons verhouding met God, onsself en ander mense. Maar ons moet die uitdagings van die gemeente onder mekaar verdeel.

Nou droom ek dat ons vanmore elkeen hieroor sal gaan dink (sal gaan bid) en dan terug sal kom en sê ek voel deur God geroep om hiermee of daarmee in die gemeente te help ~ leiding te neem. Ons het soveel leierskap in die gemeente nodig, ek bedoel nie net kerkraad nie. Ek bedoel iemand wat sal begin en leiding neem om ons oudste lidmate meer te besoek en te versorg. En daar is soveel ander terreine ook! Ons het jou leierskap vir 2024 nodig!

Droom saam met my oor 2024. Ek het gebly en aanvaar die uitdagings. Nou droom ek van ‘n span kerngesonde leiers om my op pad die toekoms in.

Eksodus 18 sluit af met die vertelling dat Jetro terug gegaan het. Net Jetro. Dus het Moses se familie by hom gebly. Moses is vir ons ‘n voorbeeld van leierskap. Hy het geluister en sy lewe verander waar dit ook al nodig was. Kom ons is ook bereid om die aanpassing en veranderings te maak, sodat ek en jy ‘n geroepe kerngesonde leier van ons huisgesin en ons gemeente kan wees.

Amen.

GEBED:

SLOTSANG:

Neem my lewe ... Neem my hande ... Neem my voete ... Neem my stem ... Neem my goed en silwer ... Neem my

kennis en verstand ... Neem my hart ... Rig my wil gevoel en daad altyd na u wyse raad ~ Gesang 308: 1-5.

SEËN:

Gemeente; soek God se vrede ... geniet sy omgee ... wandel in sy liefde ... groei in sy genade ... word gevul met sy vreugde ... word oorlaai met sy hoop en ontvang sy vergifnis.

WEGSENDING:

Kom ons begin sing oor die geboorte viering van Jesus Christus. O die goeie tyding, o die blye tyding – helder klink dit met Kersfeestyd ~ Gesang 344: 1-3.